

GEDAGTE VIR DIE DAG

“Elke ding het sy vaste tyd,
elke ding in hierdie wêreld het sy tyd”



NUUSBRIEF 10

05 MEI 2022

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Wat 'n voorreg om so 'n heerlike blaaskans te kon geniet. Nou is dit weer volstoom voort woeker op die akademiese-, sport- en kultuurfront. Dankie aan elke leerder wat getrou by elke aktiwiteit, sport- en kultuuroefening opdaag en net hul beste in die klas lewer. Doen so voort!

Baie welkom terug aan Juffrou Carli Kühn-Ernst, wat na haar kraamverlof, weer by ons aangesluit het. Sy is ook die nuwe registerklas-juffrou vir graad 4A3.

Midstream Ridge Laerskool het ook die voorreg om Saterdag, 7 Mei 2022, 'n **baie groot Bulletjie Rugbydag** by ons skool aan te bied. Ongeveer 3677 Bulletjies kom hul harte op ons velde uitspeel. U is hartlik welkom om ons te kom ondersteun. Baie dankie aan elkeen, veral mnr. Langenhoven wat al maande lank hard werk aan die beplanning van dié dag.

Die gesondheid van ons leerders en onderwysers sal altyd die hoogste prioriteit by *Midstream* bly. Ons vestig derhalwe u aandag daarop dat ons vir die korttermyn by ons huidige reëling volstaan dat maskers steeds in die klasse en tydens klaswisseling gedra moet word. Maskers tydens pouse en in die middag buite, is nie nodig nie. Dieselfde geld as u sport kom ondersteun – geen maskers nodig nie. Die *Departement van Onderwys* behoort binnekort hul nuwe regulasies te publiseer wat ons vorentoe in ag sal neem ten opsigte van die dra van maskers.

INLIGTING

OPNAME OOR HUISWERK



As deel van ons voortdurende evalueringsproses om aspekte by die skool, indien nodig, te verbeter of aan te pas, versoek ons u vriendelik om die opname oor huiswerk voor of op Woensdag, 11 Mei 2022, te voltooi. By voorbaat dankie vir u inset. Volg die skakel om die *Google Vorm* te voltooi: [🔗 RIDGE HUISWERK OPNAME](#)


KRIEKET

Eerstespan proewe vind op Vrydag en Saterdag, 20 en 21 Mei 2022, plaas. U sal eersdaags verdere inligting ontvang.

CULTIVARIA 2022

Cultivaria is 'n kultuurfees wat aan elke leerder 'n geleentheid bied om iets nuuts te probeer. Skryf gerus in en ontdek 'n nuwe belangstelling. Inskrywings open Vrydag, 6 Mei 2022 en sluit op Donderdag, 19 Mei 2022. *Cultivaria*-boekies sal Vrydag, 3 Junie 2022, aan leerders uitgedeel word.

Neem asseblief kennis dat baie voorbereiding en beplanning reeds vooraf plaasvind, dus kan ons ongelukkig **geen laat inskrywings** aanvaar nie. Skryf asseblief so gou moontlik in om teleurstelling te voorkom:  **CULTIVARIA INSKRYWINGS** 

Klik asseblief op die skakel vir die Cultivaria-handleiding:  [CULTIVARIA HANDLEIDING](#)

WÊRELD-BOEKEDAG

Baie dankie aan al die mammas wat so mooi gehelp het om by te dra tot die **reuse sukses** van die Wêreld-Boekedag vieringe. Die massiewe hoeveelheid boeke wat ingesamel is, gaan aan *Doxa Deo Central* geskenk word. Baie geluk aan die volgende wenner van ons boekpryse is:

Junior wenner: Xander Coetzee (3A1)

Senior wenner: Nosipho Nxumalo (4E1)

THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY

Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende die internasionale balletskouspel wat op 30 Mei 2022, in die skoolsaal, plaasvind.  [THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY](#)

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF

